Vaalpark Gemeente
Vaalpark Congregation

Gebedsbulletin
No. 07 van 2019

17 Februarie 2019

Deon Serfontein Tel: (016) 971-3027 Sel: 083-288-7555

Moenie 'n karakter-beoordelaar wees nie . . .

"It's during the worst storms of your life that you see the true colors of the people who say they care for you." Sulke opmerkings wemel op sosiale media. Dit laat my altyd skuldig voel. Ek meen, kan jy regtig elke keer daar wees vir ander mense? Of genoeg kere daar wees? Maar hier's 'n nuusflits: volgens die Bybel is die eintlike karaktertoets in krisistye bedoel vir diegene wat self deur die krisis gaan. Dan is dit nie die tyd om ander mense se karakter te beoordeel in terme van hoeveel hulle vir jou omgee in jou swaarkry nie. Of hoeveel mense vir jou gebid het, en hoeveel nie. Jy is in elk geval nie geroep om 'n "karakter-beoordelaar" te wees nie. Daar is nie so 'n kompetisie hier op aarde nie. Laat dit aan God oor. Hy het al die feite. Net Hy kan ons harte lees.

Moenie ander mense meet aan hulle waarde vir jouself nie. Jesus se roete is presies andersom. Sy opdrag is dat jyself daar moet wees vir ander mense in gewone tye en in krisistye sonder om boek te hou van hulle reaksie. Maklik? Gewis nie, anders het almal dit reggekry. Maar jy moet doen wat reg is as jy sê Jesus is jou Heer. Gee ruim sonder om ander mense te laat skuldig voel. Hou op om boek te hou van kwaad en goed. Die liefde, 1 Korintiërs 13 se soort, maak dat jy gee en gee. Soos wat ek aldag sê: "ons betaal meer in binne elke verhouding as wat ons hieruit onttrek." Ons is nie verbruikers of beoordelaars van mense nie, ons is beleggers in hulle lewe. Ons belê God se liefde in hulle en laat die resultate aan Hom oor.

deur Stephan Joubert

Gemeente – Algemeen

-Dank GOD vir Radiokansel & al die ander radiostasies wat SY Naam groot maak
-Bid vir Vaalpark gemeente se werksaamhede en elkeen wat ook leiding neem in die gemeente
-Bid vir die eredienste; ons lidmate; Onbeperk en ons predikante

Voorbidding

- Bid asb vir Janine Vorster – elke gebed is bitter nodig
- Bid asb vir gebroke huwelike; verslawings & depressielyers
- Bid asb vir Eskom & sy werkers in die moeilike tye
- Bid asb vir eenheid & herlewing in ons dorp & land
- Bid asb vir al die verslaafdes vir volle genesing
- Bid vir Lottie Conradie – sy het MS en kry baie swaar
- Bid asb vir Marié Deysel – sy het kanker
- Bid asb vir Maria Steyn vir volle genesing
- Bid asb vir Anet Beckman – sy het kanker
- Bid asb vir Oom Sampie Swart – hy is baie siek
- Bid asb vir Isak Mofokeng – hy is ernstig siek
- Bid asb vir Hennie van Aswegen – kry voet operasie
- Bid asb vir Bennie Gordon – hy het kanker
- Bid asb vir Ria Putter vir volle genesing
- Bid asb vir ons Beroepsproses dat GOD se WIL sal geskied
- Bid asb vir Bert Schoeman-vir genesing vir enkel
- Bid asb vir Shaun Heymans-vir herstel na die hartomleiding

Dank Gebede

-Dankie HERE vir elke nuwe dag wat U my skenk

-Dankie dat U, U **ENIGSTE SEUN** gestuur het om vir my aan die houtkruis te sterf

-Dankie HERE dat ek kan sit, opstaan, loop, lag, ruik, hoor, proe & omgee & dankie HERE dat U altyd daar is vir my!

-Dankie my GOD vir elke gebed wat gebid word & vir elke gebed wat U verhoor. Dankie dat U ons hand nooit sal los nie.

- Dankie vir U ***wondergroot genade***...

- Ons is lief vir U!

U woord is die lamp wat my die weg wys, die lig op my pad.

Ps 119:105

Onthou om te onthou . . .

Datum	"Topic"	Plek
VP Congregation English Service @ 11:00 every Sunday		
08-10 Mar 2019	Gemeente Kamp	Soetdoring

Gedagte vir die week

Rig gebedsbulletin versoeke direk aan Deon Serfontein of handig by Kerkkantoor in.